

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

I.12 Vol. 91 Pt. 4470 - 4514

SAAKNOMMER: CC 482/85

DELMAS

1986-05-21/22

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER DIJKHORST EN

ASSESSORE: MNR. F. KRUGEL

PROF.

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 91 (IN CAMERA-GETUIE NR. 15)

(Bladsye 4 470 - 4 514 )

COURT IN CAMERAIN CAMERA-GETUIE NR. 15 v.o.e. (Deur Tolk)

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Op 25 September 1983 - U Edele, ek gaan nou na BEWYSSTUK V4 toe. Ek sien die datum daar is ook 29/10, maar volgens ek kon vasstel van die getuie is die datum nie heeltemal reg nie. Op 1983-09-25 ongeveer 10h00 het jy 'n vergadering bygewoon van die Alexandra Youth Congress, in kort AYCO Launch. -- Ja, ek onthou dat ek daardie vergadering bygewoon het.

Waar was die vergadering gehou? -- In Ntokozweni was (10) hierdie vergadering gehou.

HOF: Waar is dit? -- Te Alexandra.

MNR. JACOBS: In die Ntokozweni-saal in Alexandra? -- Ja, dit is 'n saal.

HOF: Alexandra, is dit die gebied hier buite Johannesburg? -- Ja.

MNR. JACOBS: Hoe het jy na die vergadering toe gegaan? -- Ek het in 'n koerant gelees dat daar 'n "launching" gaan gehou word van AYCO, dit wil sê Alexandra Youth Congress.

Hoe het u daarnatoe gegaan? Het u alleen gegaan of hoe het u gegaan? -- Ek is saam met mense van SEYCO soontoe. Ons (20) het per bus gery.

HOF: SEYCO? -- Dit is SEYCO - Soweto Youth Congress.

Soweto Youth Congress, dit is SOYCO. -- SOYCO.

MNR. JACOBS: Toe julle daar gearriveer het by die saal, wat het gebeur? Het julle ingegaan of hoe het julle ingegaan? -- Ons het uit die bus uitgeklim. Met ons uitklim uit die bus uit, het ons gesing. Daar was van die kinders wat 'n SOYCO "banner" gehad het.

En toe? -- Ons is toe in die saal in.

Met hierdie banier vooraan? -- Ja.

(30)

En singende? -- Ja.

In die/..

In die saal aangekom, wat het daar gebeur, wat het jy daar gevind? -- Daar was ander baniere gewees in die saal.

Kan jy onthou watse baniere? -- Daar was 'n geel een van AYCO. Die ander kan ek nie meer onthou nie, maar daar was wel ander verskillende baniere gewees.

Voordat die vergadering begin het, het julle daarso gesing of nie, in die saal? -- Ons het gesing.

Het jy deelgeneem aan die singery? -- Ja, ek het gesing.

Wie was die voorsinger gewees? -- Ek kan nie meer onthou wie was die leier van die singery nie, maar daar is van hulle waar(10) ek 'n leier was.

Wat het julle gesing in die saal toe julle ingaan? -- Freedom Songs.

In die saal, was daar baie mense gewees? -- Ja.

En die sprekers, waar het hulle plek ingeneem? -- Hulle het heel voor gesit in die nabyheid van 'n verhoog.

Kan jy onthou of daar op die vergadering kameramane was wat kameras gehad het? -- Ja, ek onthou.

Kan jy onthou wie die sprekers was? -- Ek onthou net een van hulle. Die res kan ek nie onthou nie. (20)

Wie is dit? -- Dan Montsisi.

Goed, ek gaan met verlof van die Hof nou 'n video-opname wat geneem is vertoon hier in die hof.

HOF: Watter nommer gaan u aan hom toeken?

MNR. JACOBS: Ek sal dit vir die Hof nou opklaar. Dit is - BEWYSSTUK 4 gaan dit wees. Miskien kan ek dit net nou noem, want ek gaan hom nie nou oopmaak nie, want hy is reeds oopgemaak. Dit is die bewysstuk wat, toe in cognito-getuie nr. 13 getuig het, oopgemaak was wat saam met V19 gegaan het, toe was dit reeds oopgemaak en die seël gebreek hier in die hof. Goed, ek gaan (30) nou verlof vra dat ons BEWYSSTUK 4 speel en dan wil ek hê jy

moet/..

moet kyk daarna en enigiets wat jy identifiseer vra dat dit gestop word en dan verduidelik jy.

HOF: Op watter masjien word hy gespeel?

OPERATEUR: Hy word op 'n Toshiba gespeel, model nr. V/S470D.

HOF: En hy werk ook op die nommersisteesem.

OPERATEUR: Dit is korrek.

HOF: Begin ons by 000?

OPERATEUR: Dit is korrek.

HOF: Goed. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 2.

MNR. JACOBS: Kan jy net vir ons sê daardie banier wat daar (10)  
ingebring word. -- Ja, dit is die een wat ons saamgebring het.

En is julle die groep wat hom inbring daar? -- Ja, ons is die groep mense.

( Videoband word gespeel - stop.) Nr. 6.

MR BIZOS: Will Your Lordship note that the chairs are empty and there appears to be no meeting actually in progress at this stage. There is a group in front of the chairs.

COURT: Yes, that is noted.

Speel. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 11. Wat is dit wat julle daar skree? -- Ons skree Oliver Tambo. (20)

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 22. Wat is die papiere wat al die mense dra? -- Dit is pamflette. Waaroor dit gaan kan ek nie meer onthou nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 33. Dit word net genotuleer dat hier 'n onderbreking is. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 489. Daar is dus 'n onderbreking sowel wat klank as beeld betref tussen 33 en 489. Gaan voort. (Videoband word gespeel.) En op hierdie stadium wil dit voorkom asof daar nog 'n gedansery in die saal is. Ons kan nie op hierdie stadium sien of die stoele al beset is nie. (30)

MNR. JACOBS: Terwyl ons daar gestop het, die persoon wat daarso  
so dans/..

so dans, ken jy hom? -- Dit is nie duidelik van waar ek staan nie.

Het jy 'n bietjie moeilikheid om daarvandaan te sien.

HOF: Maak dit 'n bietjie duideliker, asseblief.

MNR. JACOBS: Miskien kan 'n mens net daardie stukke oorspeel, dan is hy duideliker as hy speel miskien. -- Ek ken die persoon.

Ja? -- Dit is Sephiwe Tose.

Weet jy van watter organisasie hy is? -- Ja, hy is van SOYCO.

HOF: Dit is nou die persoon met die uniform aan en die pet op?(10)  
-- Ja.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê watse uniform is dit wat hy aan het daar? Of dit enige betekenis het. -- Ek sien hom gewoonlik in daardie uniform gekleed. Ek weet nie waarvoor is dit nie.

(Videoband word gespeel - stop.) -- Speel hom 'n bietjie terug vir my. (Videoband word teruggespeel - stop.)

HOF: Is hy reg soos wat u hom wil sien of moet hy nog 'n bietjie aangaan? -- Nee, hy is heel verby.

Gaan weer terug. (Videoband word teruggespeel - stop.)

Nr. 492. -- Dit is ek daardie een wat daar voorkom. (20)

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 494. Wat is die lied wat julle daar sing? -- Die vertolking van die woorde in daardie lied is dat Tambo is ons hoofleier.

En hier wil dit voorkom asof van die mense al plek geneem het op stoele. Gaan maar voort. (Videoband word gespeel - stop.)

Nr. 496. Dit is weer u? -- Ja, dit is weer ek.

( Videoband word gespeel - stop.) Nr. 518. Wat is die lied wat hier gesing word? Wat is sy werklike woorde? -- "Nansi I'Supreme Court Ivuthumlilo".

Wat beteken dit? -- Dit beteken die Hooggeregshof is (30)  
aan die brand, is besig om te brand.

Wat bedoel/..

Wat bedoel julle met daardie lied? -- Ek weet nie wat die bedoeling daarvan is nie, dit is net 'n lied wat gesing word wat my betref.

Ja, speel maar. (Videoband word gespeel - stop.) -- Speel hom terug. (Videoband word teruggespeel - stop.)

Nr. 526. -- Ek is die persoon wat met die hand wys.

MNR. JACOBS: Kan jy ook vir ons sê watter lied sing julle nou daar? -- "Siyayapambile" wat beteken ons gaan vorentoe na die vryheidstelling.

Ons het nou 'n paar keer die kamera - sover soos wat ons (10) gekyk het, 'n beeld van die saal gegee. Kan jy hierdie saal nou soos wat hy daar is - herken jy hom, is dit die Ntokozweni-saal? -- Ja, dit is die saal.

(Videoband word gespeel - stop.)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Gaan net 'n bietjie terug, asseblief. Dit is iemand met 'n uniform aan met 'n serp om die nek. (Videoband word teruggespeel - stop.)

HOF: Nr. 532. Ken u daardie persoon met die serp om die nek? Die geel en groen en swart serp. -- Ja, ek het die persoon daar by hierdie vergadering gesien. (20)

MNR. JACOBS: Weet u wat sy naam is of waar hy vandaan kom? -- Nee.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 543. -- Die vroumens met 'n "beret" op haar kop wat, soos ek nou hier staan, na my regterkant toe kyk, is aan my bekend.

HOF: Dit is nou voor op die prent, heel voor, heel regs? -- Dit is korrek.

Ja? -- Haar naam is Susan. Ek vry met haar.

Met die "beret"? -- Met haar.

( Videoband word gespeel - stop.) Nr. 552. Hier kom die eerste spreker op die beeld. (30)

MNR. JACOBS: Kan jy net vir ons sê wie is daardie spreker? -- Ek

weet/..

weet nie wat die persoon se naam is nie.

Ken jy hom van sien? -- Ja, ek ken hom.

Weet jy van watter organisasie hy is? -- Ek weet nie aan watter organisasie behoort hy nie, maar ek sien hom baie.

Onthou jy dat hy daar 'n toespraak gelewer het of gepraat het daar? Is dit reg so? -- Ja, ek onthou dat hy daar gepraat het.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 555. Die persone daar by die tafel wat daar sit, kan jy vir ons sê wie hulle is? -- Ek weet nie wat hulle name is nie, maar ek herken hulle as persone wat ek daar gesien het, al is ek nou nie meer in staat om vir (10) die Hof te sê of hulle enige toesprake gemaak het daar nie.

(Videoband word gespeel - stop.) - Speel terug. (Videoband word gespeel - stop.)

Nr. 563. -- Ek is die persoon wat daar sit heel voor op die beeld.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 583. -- Ek het niks gesê nie.

HOF: Gaan maar voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 589.

MNR. JACOBS: Daar is nou 'n persoon wat op die beeld verskyn wat blykbaar gaan praat daarso. Kan jy vir ons sê wie is hy? (20)  
-- Brian is sy naam.

Brian wie? -- Ek weet nie wat sy van is nie, eintlik ek het dit vergeet. Hy is eintlik oorlede nou.

Weet jy van watter organisasie was hy? -- SOYCO.

HOF: (Videoband word gespeel - stop.) Kan ons sy eerste woorde weer hoor. Hier staan op die transkripsie "On behalf of the NGOYA Youth Movement". Kan dit wees Soweto Youth Movement? Speel net weer die heel eerste woorde wat die man sê. (Videoband word gespeel - stop.) -- NGOYA.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 600. (30)

MNR. JACOBS: Daardie persoon het nou verwys na ene Moses Kotane

wat/..

wat sekere woorde gesê het. Kan jy vir ons sê, weet jy wie is Moses Kotane? -- Is dit Kotanye?

HOF: Kotane.-- Ek ken Moses Kotane. Hy was 'n lid van die ANC lank terug. As my geheue my nie in die steek laat nie, ek weet nie of hy nog lewe, of hy alreeds oorlede is, maar hy is vermoedelik uit die land uit, "on exile."

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 623.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê die lied wat nou gesing is, watter lied is dit en waarom dit gaan? -- Ek ken nie hierdie een nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 637. -- Om te bewys (10) dat ek nie eintlik hierdie lied ken nie, u kan self sien ek sit net daar, ek sing nie eers nie.

(Videoband word gespeel - stop.)

HOF: Nr. 640. Hier kry ons nou weer 'n spreker aan die woord.

MNR. JACOBS: Kan u vir ons sê wie die persoon is? -- Ek weet nie wat die persoon se naam is nie. Hy is net van sien aan my bekend.

HOF: Was dit die voorsitter van die vergadering? -- Ek kan nie onthou nie.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 649. Was dit 'n deel van die voordrag of is hy kwaad vir die gehoor? -- Sy was (20) bly gewees. Dit is eintlik 'n gedig wat sy maak.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 690. Is die lied wat julle sing "Siyaya", waarom gaan hy? -- Ons gaan na vorentoe, na die vryheidstelling.

Wat nog? -- En die bewoording daar is "gobegobe mama, siyaya nomagobe."

Wat beteken dit? -- Dit beteken al is dit sleg na vryheidstelling toe gaan ons. Ons sal tot daar kom.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 692.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê wie die persoon is wat nou (30) daar op die verhoog staan en blykbaar die skare toespreek? --

Hierdie/..



Hierdie TV is so sleg. 'n Mens kan nie mooi sien nie.

HOF: Speel hom net 'n bietjie heen en weer totdat 'n mens die beeld duidelik kry. (Videoband word gespeel - stop.) -- Ja, ek het hom gesien nou.

Nr. 692. -- Dit is Dan.

Dan? -- Dan Montsisi.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 696. Die gedeelte in Sotho wat nie oorgetik is in die transkripsie nie, is maar 'n paar sinne. Gaan maar voort. (Videoband word gespeel - stop.)

Nr. 716.

(10)

MNR. JACOBS: Jy het vir ons aanvanklik verduidelik daar was 'n groot banier gewees van Alexander Youth Congress. Is dit die een waarna jy verwys het, agter die sprekers teen die muur, blykbaar? -- Dit is die een, ja.

K281

(Video word gespeel - stop.) Nr. 832.

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): Die persoon op die beeld? -- Dit is ene Frank Chikane.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 854. Die woord onderaan bladsy 8 is nie "Gatsha" nie, dit is "colour."

HOF: Speel dit net oor. (Videoband word weer gespeel - stop.) (20)

MR BIZOS: "Colour". It is in context of the previous ...

ASSESSOR (MR KRÜGEL): The previous word where the dashes are, is "whirlwind sweeping".

COURT: Are all agreed on that? I did not hear it.

MR BIZOS: Is that where the blank is? I did not pay attention.

ASSESSOR (MR KRÜGEL): Yes.

MR BIZOS: But I will accept it.

COURT: Yes? (Video tape is played - stop.) No. 905.

COURT ADJOURNS FOR TEA. COURT RESUMES.

IN CAMERA-GETUIE NR. 15 (Nog onder eed)

(30)

HOF: Ons gaan voort by 905. (Video word gespeel - stop.) Nr. 951.

-- Ek wil/..

-- Ek wil hierdie lied verduidelik. Die bewoording is "Bayacoulour e Namibia, bayacoulour e South Africa. Botha sikwela umhlabawetu."

Wat beteken dit? -- Dit beteken ons is onderdruk. Die manier waarop ons onderdruk is, ons wil hê dat ons onself moet regeer en die vryheid kry van ons land.

Vry vertaal? -- Dat ons onself moet regeer in Suid-Afrika.

Dankie. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, I have a note from the accused and I did not hear it myself, but what purports to be a translation on top of page 9 in fact is not audible, no such - but the use of a (10) Bazuka.

COURT: We will have to hear that song again. Play it back.  
(Video tape is played back - stop.)

MNR. JACOBS: Kan 'n mens miskien net stop dat hy net baie mooi luister na die woorde om dan vir die Hof te sê.

HOF: Vra net eers vir die getuie ken hy Zoeloe goed? -- Ja.

MNR.. JACOBS: Kan jy net luister na die lied wat nou-nou gaan kom, vir die Hof sê watter lied dit is en waarom dit gaan.

HOF: Nr. 952.

MNR. JACOBS: Kan ons net by mnr. Bizos hoor is ons op die (20) regte plek nou.

HOF: Wat is die beswaar, mnr. Bizos, by watter nommer ongeveer? Ons moet nou nie die verkeerde lied verkeerd gaan vertolk nie.

MR BIZOS: My Lord, I can only assume, having regard to what the person who was speaking, had to say that the ...

COURT: What are your instructions from your clients because on instruction of your clients you were objecting.

MR BIZOS: Yes. My Lord, that the song which appears to be translated on top of page 9 contains the word Bazuka. I am assuming that we have just passed that section. (30)

COURT: I am not sure. We must have, I take it, because we were where/..

where the chairman was addressing the audience. That was at 951. So we must go back still. Gaan terug na ongeveer 945 se kant toe. (Videoband word teruggespeel - stop.) Daar was woorde wat geklink het soos "mabazuka", maar dit kan ook iets anders beteken.

MR BIZOS: Yes, I have an instruction.

COURT: Yes, what is the instruction?

MR BIZOS: I had the Zulu which sounded like a "Bazuka" and it was not "Bazuka", but I asked for a translation ..

COURT: Let us get the word. Just give the exact Zulu (10) word.

MR BIZOS: The instruction that I have is "he wena Vorster utine mako ye ye bay .." as far as I can read it, it was done rather hurriedly, "bayakhala e Namibia e South Africa, utine mako yeye." Somewhere in the "mako" and the "yeye" some combination of other words the translator picked up "Bazuka" somewhere.

COURT: Well, I do not know. I am not entirely sure that you have correctly set out these words now, but neither am I sure that what is set out on the transcript at page 9 is correct. Maybe the witness can enlighten us. He gave us the second part of (20) this song "bayakhala e South Africa", that is said "kwele umhlaba-wetu", but he did not give us the first part of the song. Give us the first part of the song. -- "Bayakhala .."

Before we get to "bayakhala e Namibia", what is just before that? -- Ek ken hierdie lied, begin met daardie bewoording wat ek nou net genoem het.

Dit is "bayakhala e Namibia, bayakhala e South Africa"? -- Ja.

En dan? -- "Bhakalela iswelabo Botha siyakhela iswelethu. Utine mako ye ye." Dit is die bewoording. (30)

Dankie, ons het dit nou. Gaan verder. Ons was by 951

verby/..

verby gewees. Begin weer by 951 waar die voorsitter die mense toespreek. (Videoband word gespeel - stop.) Gaan maar n bietjie vinniger tot ons aan die einde kom van daardie lied wat gesing is, want ons hethom al gehoor. (Videoband word vinnig vorentoe gespeel, dan gewoonweg - stop.) Nr. 987.

MNR. JACOBS: Kan jy die persoon nou daar op die beeld en wat blykbaar n toespraak gaan lewer, kan jy hom identifiseer? -- Ja, ek kan.

Wie is dit? -- Dit is Frank Chikane.

HOF: Ek wil dit op rekord stel dat die nota hier korrek is (10) dat hy saamsing aan die lied. Nr. 987 op bladsy 10 by die transkripsie. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.)

MR BIZOS: My Lord, may I just ask Your Lordship how Your Lordship wants to deal with this because we have not bothered ourselves with the correctness of the translation or the transcription in the main.

COURT: That is so. I understood it to be that if there is a - let us say a glaring discrepancy, it should be pointed out, otherwise it will mean that we will have to come back to that type of thing every time. (20)

MR BIZOS: We try to avoid that.

COURT: I was intending that should I decide to admit these videos as evidence, then to ask the Defence to indicate which portions of the transcript they disagree with and then play them with the State together and if they cannot agree in the final event I will decide on what is said and what is not said, but that you therefore make your notes and on the points that you disagree with - if there is anything as glaring as you have pointed out, then do so by all means, but I do not want a debate later on on an issue which can quickly be resolved. (30)

MR BIZOS: That is - well, one of the things that I have a note about/..

about which can be - where we do not want people from the west, we say that this is not a correct translation at all, that it is really vacillators.

COURT: But do you agree with the words, the word "shona" used there or was that not used?

MR BIZOS: No, it is a question of the translation.

COURT: Well, the question of the translation you can sort out with the State should I eventually permit the - I cannot sort it out now. We cannot have debates about the correct translation at this stage. (10)

MR BIZOS: My Lord, I was not paying attention when the Reverend Chikane ...

COURT: Yes, you can replay it if you want to.

MR BIZOS: Could we, please?

COURT: Do you want to replay it?

MR BIZOS: As Your Lordship pleases.

HOF: Gaan omtrent so twee nommers terug. (Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 987.

MR BIZOS: Thank you, My Lord.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 993. (20)

MNR. JACOBS: U Edele, miskien kan ek net vra dat miskien op hierdie stadium dat mnr. Bizos kyk daar waar Oliver Tambo geskree word, het Frank Chikane ook saamgeskreeu "Tambo".

HOF: Ja, maar u moet nie mnr. Bizos dit vra nie. U kan dit aan die getuie vra en as dit die getuie dit so stel en mnr. Bizos betwis dit later dan kan hy die getuie daarvoor kruisvra.

MNR. JACOBS: Kan ons hom net daar by die slagspreuk kry dat die getuie net kyk. (Videoband word gespeel tot op regte plek - stop.)

HOF: Nr. 992. Wat wil u vir die getuie vra?

MNR. JACOBS: Nou op die beeld was daar gewees waar mense n (30) slagspreuk geskreeu het, het jy dit gehoor?-- Ja, ek het.

Watter/..

Watter was dit gewees? -- Oliver Tambo.

En die persoon daar op die voorgrond, Frank Chikane, het hy meegemaak aan die uitskreeu van hierdie slagspreuk? -- Ja, toe dit uitgespreek word, het hy ook daarop geantwoord.

HOF: Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1067. Op bladsy 15 van die transkripsie teenoor "long video interruption." Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Tot by 1074, dan begin die beeld weer en die klank. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1092 is die einde van die toespraak. Ekself het nie die woorde "Fant for revolution" daar (10) gehoor nie. Mnr. Jacobs het u dit gehoor?

MNR. JACOBS: Ek het dit nie baie duidelik nie. Ek wonder ...

HOF: Wel, ons kan dit weer oorspeel. (Videoband word weer gespeel - stop.)

ASSESSOR (MNR. KRÜGEL): "Thanks very much."

MR BIZOS: That is what I have, My Lord.

COURT: Yes, that is right.

MR BIZOS: What was it originally?

COURT: "Fant for revolution". Well, it has now been struck out. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1109. (20)

MNR. JACOBS: Voor hierdie beeld nou opgekrom het, was daar 'n persoon wat blykbaar dromme gespeel het. Kan jy onthou, het dit daar gebeur? -- Ja, ek onthou dit.

Die persoon wat nou op die beeld gekom het, kan jy vir die Hof miskien sê wie is hy? -- Mzwake.

HOF: Sy van? -- Ek weet nie wat sy van is nie.

MNR. JACOBS: Weet jy of hy aan 'n organisasie behoort en watter organisasie? -- Ek weet regtig nie, maar ek sien hom gewoonlik by hierdie vergaderings waar hy die "poetry" doen.

(Videoband word gespeel - stop.)

(30)

HOF: Speel net vir ons oor daardie laaste deel waar hy die laaste keer/..

keer die woord "anger" gebruik en ophou. (Videoband word gespeel - stop. Word verder vorentoe gespeel - stop.) Nr. 1142. Ons het dit nou twee keer oorgespeel en die opmerking op bladsy 16, heel onder, "reciter gives clenched fist salute with both hands, thumbs extended" het ons nie gesien nie.

MNR. JACOBS: Net vroeër in die opnames was dit gewees.

HOF: Maar nie aan die einde van die ding nie.

MNR. JACOBS: Nie aan die einde nie, maar deur die loop van die voordrag.

HOF: Wel, dan sal u dit moet speel as u wil ek moet dit daar (10) laat staan. Ek het dit nie gesien nie. Hy gebruik sy vingers oor en weer.

MNR. JACOBS: Kan 'n mens net vra dat dit net vinnig terug - ons sal hom sien dadelik op die band soos hy teruggespeel word.

HOF: Ja, goed. Speel dit terug na die middel toe. (Videoband word teruggespeel - stop.) Nr. 1139. Ja, daar is dit te siene. Gaan dan maar vinnig vorentoe tot ons aan die einde van die gedig kom. (Videoband word vinnig vorentoe gespeel - stop.) Speel hom vinnig vorentoe tot daar 'n onderbreking in die video kom en dan tot die einde van die onderbreking, want daar is niks (20) getik in elk geval nie. (Videoband word vorentoe gespeel - stop.) Nr. 1154. Gaan voort nou. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1185. Ken u daardie persoon? -- Ja, ek ken hom van sien.

MR BIZOS: My Lord, are we on the first third of page 17?

COURT: We are in the middle of page 17. "An unknown Black man."

MR BIZOS: I do not know whether Your Lordship saw anything which resembled some members of the audience gesture the firing of a fire-arm. Did Your Lordship see that?

COURT: Where was that? "Some members of the audience gesture (30) the firing of a fire-arm". I did not notice it.

MR BIZOS/..

MR BIZOS: I certainly did not notice it, My Lord.

HOF: Mnr. Jacobs, het u dit gesien?

MNR. JACOBS: Nee, al wat ek gesien het, is die vinger wat so gewys het.

HOF: Ons haal dit deur. Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1201.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê wie is die persoon wat nou op die beeld verskyn? -- Ek weet nie wat sy naam is nie.

Weet u van watter - of hy van 'n organisasie is en indien wel, watter een? -- Ek weet nie. (10)

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1293. Daar is nou 'n beeld van 'n persoon wat op tromme speel. Weet jy wie is hy, vir die Hof sê wie dit is. -- Nee, ek weet nie wie die persoon is nie.

HOF: (Videoband word gespeel - stop.) Stoot hom aan tot aan die einde van die - tot die laaste drom. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1300. Ken u die man met die toutjieshare? -- Ja, ek ken die persoon. Ek weet net nie wat sy naam is nie.

MNR. JACOBS: Het hy 'n bynaam wat julle hom aan ken? -- Nee, dit ken ek ook nie.

HOF: Gaan maar voort. (Videoband word gespeel - stop.) Wat (20) word nou geskreeu tot op hierdie stadium? -- Ek kan nie onthou wat hy daar gesê het nie, op die stadium.

Wat skree die gehoor dan? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar hy kom 'n gedig maak en dan sal hy sy fluit ook speel.

Nr. 1303. Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 1335.

MNR. JACOBS: U Edele, ek dink die res van die band kan ons maar oorslaan, tensy My Geleerde Vriend op hierdie stadium - iets is wat spesifiek gespeel moet word wat ..

HOF: U bedoel wat verder kom? (30)

MNR. JACOBS: Ja.

HOF/..



HOF: Moet ek die res skrap van die transkripsie, die twee liedere? Die een oor Tambo en die een voor die "Bazuka"?

MNR. JACOBS: Of kan 'n mens net hierdie deel aansit net oor daardie - by daardie liedere kom. Ek wil nie eintlik die liedere skrap nie, maar ek meen dat dit nodig is - ek glo nie dit kan seker betwis word dat dit daar is nie, tensy die Hof dit wil ...

HOF: Wel, u moet my nie later vra om daarna te luister nie.

MNR. JACOBS: Dan beter ons maar liewerste net na daardie liedere, twee liedere luister, maar hierdie deel wat nie getranskribeer is nie kan 'n mens miskien vinniger oorgaan. (10)

HOF: Ons gaan weer aan van 1335 af. Gaan aan tot by die video-onderbreking, as daar een is. (Videoband word gespeel - tot by die einde van die video-onderbreking - stop.) Nr.1368.

(Videoband word gespeel - stop.) Weer 'n onderbreking, nr. 1373, en tussenin was daar niks wat die moeite werd was nie.

Nr. 1398. (Videoband word gespeel - stop.)

Mnr. Jacobs, hierdie deel van die band is nie getranskribeer nie. Nou het u nou stukkies uitgepik en dan net gesê "the audience sings in Zulu something about Tambo three times", maar u sê net dat daar nou 'n verkiesing is van 'n voorsitter. (20)

MNR. JACOBS: Ja, ek sien onder dit, die heel onderste deel kom dit. Blykbaar het ons ook hierso ..

HOF: "Chosing of committee", maar dan is ons by al die ander goed verby en het dit nie gehoor nie. Dan moet ons dit skrap.

MNR. JACOBS: Goed, U Edele.

HOF: Vanaf "audience sings in Zulu something about Tambo" tot by "chosing of committee" word deurgehaal en ons aanvaar dat die vergadering afgesluit is met die sing van Nkosi.

MNR. JACOBS: Jy het nou 'n geleentheid gehad om deur hierdie opname te kyk. Identifiseer jy dit as die besondere vergadering wat dan deur jou bygewoon is van die Alexander Youth (30)

Congress se inhuldiging. -- Ja.

En die persone daar of volgens die beeld hier, identifiseer jy hulle? Is dit die mense wat gepraat het op die vergadering?  
-- Ja.

En die singery, het dit plaasgevind soos dit op die beeld hier aankom? -- Ja.

En is dit nou 'n ware beeld min of meer van wat daar gebeur het? (Tussenbeide)

HOF: 'n Ding is of 'n ware beeld of hy is nie 'n ware beeld nie, maar 'n ding is nie min of meer nie. (10)

MNR. JACOBS: Laat ek dit so stel, is dit 'n ware beeld behalwe waar daar onderbrekings was wat jy nou nie hier gesien het nie, maar wat ons hier gesien het, reflekteer dit 'n ware beeld? -- Ja.

U Edele, die getuie gaan nou nog op 'n verdere een getuienis gee.

HOF: Miskien is dit gerieflik om nou die verdaging te neem. Die band, BEWYSSTUK 4, moet aan my klerk oorhandig word.

HOF VERDAAG VIR MIDDAGETE. HOF HERVAT.

K283 IN CAMERA-GETUIE NR. 15 (Nog onder eed)

VERDERE ONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS: Op 16 Junie 1984 het (20) jy 'n byeenkoms van die 16 Junie Herdenkingsdiens bygewoon - 16th June Commemoration Service? -- Ja.

Was dit gewees in die Regina Mundi Kerk? -- Ja.

In watter voorstad is dit? -- Rockville in Soweto.

Hoe laat het die vergadering 'n aanvang geneem? -- Dit was in die oggend omtrent 10h00. Ek is nie seker van die tyd nie.

Was die vergadering vooraf geadverteer gewees? -- Ja.

Het jy toe by die kerk opgedaag om dit by te woon? -- Ja.

Toe jy daar aangekom het, wat het jy opgemerk? -- Daar was mense op die erf van die kerk, maar daar was nog nie mense (30) binne-in nie. Buite die erf van die kerk naby die ingang was

daar/..

daar polisievoertuie gewees met polisie daarin.

En jy, het jy 'n besondere taak verrig by hierdie vergadering die dag? -- Waar? Te Regina Mundi?

Ja. -- Ja, ek onthou ek was 'n "marshal".

Wat was die pligte van 'n "marshal" daar? -- Dit is om die mense te beduie waar om sitplek te neem in die saal en ook daar toesig te hou oor die mense, dat hulle nie 'n geraas maak of moeilikheid veroorsaak nie.

Het julle enigiets in hierdie vergadering gedra aan julle persoon of aan julle klere? -- Die "marshals" het geel lappe (10) aangehad, soos aangedui word, aan die arms.

Armbande?

HOF: Geel lappe of armbande? -- "Arm-bands".

Wie het die ding gereël, die vergadering? -- Ek weet nie wie presies die persoon is wat dit gereël het nie, maar predikante van verskillende kerke was betrokke daar. Ek sal sê mense wat 'n heel belangrike rol gespeel het daar, was AZAPO en UDF.

MNR. JACOBS: Was hierdie saal opgemaak gewees? -- Ja.

Waarmee? -- Baniere en plakkate.

Kan jy onthou watse baniere en plakkate daar opgeplak (20) was of aangebring was? -- 'n Banier van UDF. Ek het daardie een opgesit. Daar was een van "National Forum and different organisations".

Wat is die "National Forum"? -- Ek weet nie hoe om te verduidelik nie, maar daar was 'n banier van "National Forum", dit is van AZAPO.

Jy sê ook van ander verskillende organisasies. Kan jy onthou van watter organisasies? -- Ek kan nie meer so goed onthou watter ander organisasies nie.

Voordat die vergadering nou begin het, was daar enige (30) singery gedoen? -- Ja, as ek reg onthou daar was 'n gesingery

gewees/..

gewees.

Tydens die vergadering, het daar toe 'n gesingery plaasgevind? -- Ja, daar was gesing gewees.

Wat is gesing by hierdie geleentheid? -- Freedom Songs.

Kan jy onthou wie was die voorsitter op hierdie vergadering?  
-- Reverend Sebedi.

HOF: Waar pas hy in? Aan watter organisasie behoort hy? -- Ek weet nie.

MNR. JACOBS: By hierdie vergadering daardie dag, het daar iets besonders plaasgevind? -- Ja. (10)

Wat is dit? -- Ek onthou van 'n ander jeug wat 'n speelgoedwapan gehad het by hom in die vorm van AK47.

Kan jy sê is dit 'n speelgoedwapan of 'n werklike een? -- Dit is 'n "toy".

Het daar nog iets verder gebeur gedurende die vergadering? Was daar polisie-optrede daar? -- Ek onthou hierdie spesifieke vergadering goed, want vroeg die môre, dit is voor ons na die vergadering toe was, was daar in die strate pamflette versprei wat soos volg gelees het, dat AZAPO nie saam met die UDF op dieselfde verhoog of platform gaan staan nie, dit wil sê hulle (20) gaan dit nie deel nie.

Ja? -- Die vergadering het voortgegaan met hierdie twee organisasies.

Kan jy onthou wie die sprekers was of van die sprekers, enige van hulle onthou? -- Ek was baie besig gewees daar. Ek kan nie meer so goed onthou wie hulle was nie.

Kan jy nie een onthou nie? -- As ek reg onthou dr. Motlana "was one of the speakers."

Ek gaan nou ook weer in hierdie geval met verloop van die Hof 'n video-opname speel. Ek wil vir jou vra dat jy weer (20) soos in die vorige gevalle waar daar insidente, die saal of

enigiets/..

enigiets kom wat jy identifiseer, die vertoning te stop en vir die Hof te sê en dan te identifiseer wat jy kan op hierdie video.

HOF: Watter bewysstuk sal dit wees?

MNR. JACOBS: Dit gaan BEWYSSTUK 10 wees, en die transkripsie wat betrokke sal wees is V10. Ek het 'n verseëlde koevert wat ek dan oopmaak. Dit is verseël met polisie-seël 1141. Dit is voor op gemerk, staan hier geskryf "Oorspronklike Beta-video: Gemerk slegs met 'n wit plakkertjie 68 daarop." (Koevert word oopgemaak.) Die kasset het nie 'n houër in nie. Hier staan net nommer, die soort maak of iets wat daar staan, L250, verder is dit net (10) nommers wat op hom verskyn. Daar is nie eers 'n naam op nie, en dan is die wit plakkertjie met die 68 daarop, verskyn hierop en hier is net gemerk, vir identifikasie van die transkripsie, V10.

HOF: Dit gaan in as BEWYSSTUK 10. Sal u dit merk, asseblief.

MNR. JACOBS: Ek het hom op die deksel bo gemerk BEWYSSTUK 10, op die kasset self.

HOF: Op watter masjien speel ons die video?

OPERATEUR: Dit is 'n Toshiba, model nr. V/5470D.

HOF: En hy werk soos die vorige met nommers?

OPERATEUR: Dit is korrek.

(20)

HOF: Gaan voort.

MNR. JACOBS: Begin hy by nul?

OPERATEUR: Ja.

MNR. JACOBS: Kan ons maar speel dan. (Videoband word gespeel - stop.) Kan jy daardie gebou identifiseer, herken? -- Ja.

Wat is dit? -- Dit is Regina Mundi se gebou.

HOF: Dit is nr. 2 waar ons nou by is. Is dit 'n kerk self of is dit 'n saal by die Regina Mundi Kerk? -- Dit is die kerk self.

So, die vergadering is binne in die kerk? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 4.

(30)

MNR. JACOBS: Jy het gepraat daar was polisie buitekant die

kerksaal/..

kerksaal gewees, polisievoertuie. -- Dit is die polisievoertuie wat nou daar op die beeld is.

Gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Is dit van die baniere wat daar aangebring is of wat is dit daardie?

HOF: Nr. 9. -- Dit is die een wat ek onthou, ja.

MNR. JACOBS: Is dit die een wat jy gesê het wat jyself aangebring het? -- Ja.

HOF: Wie het vir jou gevra om hom aan te bring? -- Niemand het vir my gevra nie. Dit het groot gelyk vir my daar toe het ek 'n ander jeug daar gehelp om dit op te sit. (10)

TOLK: Beskuldigdes 10 en 11 sê die beeld kom nie uit op daardie stel nie.

HOF: Is op daardie stel geen beeld nie?

TOLK: Volgens hulle, ja.

MNR. JACOBS: Ek mag net sê dat blykbaar het iemand hierso van die Verdediging, ek dink ek verstaan, het daardie ding omgestamp en hy het afgeval daarso of een van hulle wat hom omgestamp en afgeval het.

HOF: Miskien moet ons daardie een ook omstamp dan sal hy dalk regkom. Sal dit lank duur om hom reg te maak? Kyk gou. (20)

MNR. JACOBS: Ek wonder of 'n mens nie net 'n kort verdaging ...

HOF: Ek wonder of ons nie kan voortgaan nie. Sal daardie beskuldigdes nie hierdie kassie kan raaksien nie? Dan kan hulle vanmiddag net na hierdie kassie kyk dan kan dit later reggemaak word. Is hy gereed? Waar is ons nou, by nr. 9 nog? Het u iemand gehelp om die banier op te sit, was hy besig om die banier op te sit? -- Die persoon was besig om dit self op te sit. Ek het toe gaan help.

MNR. JACOBS: Kan jy vir ons sê waar die banier vandaan gekom het? Het jy gesien? -- Nee. (30)

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 10. Daardie banier wat

nou/..

nou net verby is, die "Release Mandela Campaign", is dit van die baniere van die ander organisasies daarso? -- Ja.

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 15. Is dit 'n verdere plakkaat van die ander organisasies, daardie COSAS een? -- Ja.

HOF: Net hier voor dit het ons 'n UDF "Make your mark against apartheid"-banier gesien. Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 31.

MNR. JACOBS: Die persoon wat daarso op die linkerkant van die beeld besig is om uit te loop, hy dra daar 'n banier, is dit reg?

HOF: Speel dit weer terug. (Videoband word gespeel tot op (10) regte plek.)

MNR. JACOBS: Kon jy sien waaraan is die vlag vas? Weet jy waaraan was hy vas gewees? -- Ek kan nie sien waarop is daardie vlag vas nie.

En die vlag, wat is die kleure daarvan? -- "Black, green and gold."

MR BIZOS: I saw a folded object, My Lord. Did Your Lordship see something else? A rolled up object on a stick.

COURT: I thought it was a sort of a flag hanging down but we can play it again. Kom weer terug voordat hy begin. (Video- (20) band word teruggespeel - stop.)

MNR. JACOBS: Kan jy net mooi kyk nou as hy daar kom en dan vir ons net sê as hy daarby kom. (Video word gespeel tot op regte plek - stop.)

HOF: Die doek hang oop, mnr. Bizos.

MR BIZOS: Well, I will accept that if Your Lordship has seen it.

HOF: (Video word gespeel - stop - word weer gespeel tot op regte plek.) Die doek beweeg.

MR BIZOS: Yes, it is half open.

MNR. JACOBS: Kan jy sien waaraan hou hy hom of kan jy nie? (30) -- Ek sien.

Kan jy/..

Kan jy sien waaraan die vlag geheg is? -- Dit lyk na 'n soort van 'n yster of 'n stok. Ek weet nie.

En die kleure? -- "Black, green and yellow."

Wie se kleure is dit, weet jy? -- Ek weet van twee organisasies wat daardie kleur gebruik.

Wie is dit? -- Inkatha en ANC.

Sal Inkatha se mense hier op hierdie vergadering wees? Op 'n UDF-vergadering? -- Nee, gewoonlik is hulle nie daar nie.

Gaan maar aan. (Videoband word gespeel - stop.)

HOF: Wat is die krete wat daar geuiter word? Nr. 32. -- Ek (10) het nie so mooi gehoor nie. Laat hy maar terugspeel. (Videoband word teruggespeel - stop.) Ek hoor hulle maak melding van Botha, maar ek kan nie mooi hoor wat gebeur daar nie.

MR BIZOS: My Lord, could we ask, whilst we have it, whether this is the vestibule or entrance hall of the church or the church itself?

HOF: Is dit die kerk self of die voorportaal van die kerk? -- Dit is binne-in die kerk.

In die groot gedeelte van die kerk waar daar gepreek word op Sondag? -- Ja. (20)

MR BIZOS: And whether it is before the meeting started?

HOF: En is dit voor die vergadering? -- Dit kan so wees.

Ja, gaan voort. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 34. Hierdie "interruption of video" op bladsy 2 is by nr. 34.

MR BIZOS: Did Your Lordship see an AK47 toy?

COURT: I saw something that was not a stick to which that banner was attached. Whether it was an AK47 toy or something else I could not exactly see. The moment when the chap walks backwards, out of the crowd, you see it best and you can take your time and see what it is. I have marked here on my page the words "nie dui-(30) delik nie", it was not clear. (Videoband word gespeel - stop.)



Nr. 36. Dus die onderbreking duur van 34 tot by 36. (Videoband word gespeel - stop.) Nr. 41 - AK47, maar op die oomblik het hy nou die vlag aan die punt. Ek kan nie nou mooi duidelik sien nie. Kom net 'n bietjie terug weer. (Video word gespeel tot op regte plek - stop.) Is daar 'n vlag aan die punt?

MNR. JACOBS: Dit lyk nie of hy nou hom aan het nie.

HOF: Ek kan nie sien dat daar 'n vlag is nie. Daar is 'n wit ding daar voor waar die loop aan die hef kom. Goed, in elk geval dit is iets wat lyk soos 'n AK47. (Videoband word gespeel - stop.)

Nr. 54. (10)

MNR. JACOBS: Die persoon wat nou daar loop met die wit T-hempie met blykbaar 'n geel band om die arm, is dit een van die "marshals" daar met die geel band om die arm wat jy van gepraat het? -- Ja, dit is een van hulle.

Watse skaaf het hy aan daar, kan jy sien of onthou? -- Die kleur daarvan is "black, green and yellow."

(Videoband word gespeel - stop.) Nr. 55. Wie is die persoon wat nou daar is? -- Ek kan nie die persoon ...

